

## JY EN JOU REGTE Sorg Afhanklikheidstoelaag

Jy kan vir 'n Sorg Onafhanklikheidstoelaag aansoek doen indien jy 'n biologies ouer of primêre versorger is wat na 'n kind omsien wat **gestrem** is en wat **permanente versorging of ondersteuningsdienste benodig**.

Jy moet **minder verdien as**

- **R16 900** per maand (enkelouers orf versorgers) OF
- **R33 800** per maand (getroude pare).

Jy moet of 'n Suid-Afrikaanse burger wees, of 'n uitgewekene of 'n permanente inwoner.

Uitgewekenes kan nou aansoek doen – maar asielsoekers, ongedokumenteerde immigrante en buitelanders is nie geskik nie.

Vanaf 1 April 2017 is die toelaagbedrag R1 600 per maand per kind.

Benewens die Sorg Afhanklikheidstoelaag mag jy ook 'n Pleegsorgtoelaag ontvang –maar jy mag nie ook 'n Kinder Ondersteuningstoelaag kry nie.

Jy kan ook by jou naaste SASSA-kantoor vir 'n toelaag aansoek doen – jy betaal niks om aansoek te doen nie.

Jy moet dokumente saamneem – soos ID-dokumente vir jouself en die kind, en bewys van jou huwelikstatus.

Maar indien jy nie dié dokumente het nie, KAN jy steeds aansoek doen met alternatiewe identifikasie.

Indien jou toelaag goedgekeur word, kan jy vir tydelike hulp in die vorm van **Sosiale Verligting van Nood (SRD)** aansoek doen terwyl jy vir jou eerste betaling wag. Die SRD-geld sal afgetrek word van die bedrag van jou toelaag.

Indien jou huishouding in nood verkeer kan jy om **hulpbehoewende status** aansoek doen by jou Munisipale Kantore – dit mag jou help met die koste van jou water, elektrisiteit en eiendomsbelasting. Jy mag ook geregtig wees om kinderondersteuning te ontvang van die biologiese ouers of 'n ander ouer van die kind.

**B L A C K S A S H**  
**MAKING HUMAN RIGHTS REAL**

Elkeen het die reg tot toegang tot sosiale sekuriteit, (gepaste sosiale bystand) insluitend indien hul nie instaat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie ...

- Afdeling 27 van die Suid-Afrikaanse Grondwet

Elkeen het die reg tot administratiewe aksie wat wettig, redelik en proseduraal regverdig is ... en elkeen wie se regte nadelig deur administratiewe aksie beïnvloed is het die reg tot geskrewe redes.

- Afdeling 33 van die Suid-Afrikaanse Grondwet.

**WETLIKE ONTKENNING:** Hoewel elke poging aangewend is om te verseker dat die inligting wat hier gepubliseer is, korrek is, aanvaar die Black Sash geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag voortspruit uit die vertrouwe of gebruik van hierdie inligting nie. Die inhoud konstitueer nie regsadvies nie. Hierdie feitestaat is laas in **October 2018** opdateer.

Vir enige navrae oor toelaes skakel die SASSA-hulplynnummer :

**0800 601 011**

Kontak die **Black Sash HULPLYN** vir GRATIS parawetlike ondersteuning –en advies:



**072-66 33 739**

**help@blacksash.org.za**

YOU AND YOUR  
**RIGHTS**

**SORG AFHANKLIKHEIDS-  
TOELAAG**



**B L A C K S A S H**  
**MAKING HUMAN RIGHTS REAL**